# Die einde van 'n era vir Susan Klopper

**Rustenburg** – Residentia Sering het op 20 November totsiens gesê aan Susan Klopper wat as matrone gedien het by die tehuis.

Sy is op 3 Januarie 1988 aangestel by Sering en in haar 30 jaar se diens, het sy diep spore getrap in almal se harte.

Susan is by die aangeleentheid verwelkom deur 'n erewag van haar kollegas en inwoners van die tehuis.

Voorsitter van die plaaslike bestuursraad Willem du Plessis het die gaste verwelkom.

In 'n spesiale boodskap aan Susan sê hy dat Susan inderdaad 'n knap vrou is en dat 'n knap vrou baie meer werd is as edelstene. Haar vertrek gaan 'n groot leemte los in die Sering familie.

Bestuurder van Residentia Sering Retha Jacobs het gesê: "Susan en Sering is sinoniem en ek kan ook staatmaker en steunpilaar byvoeg wanneer daar na haar verwys word. Haar harde werk en toewyding het 'n sentrale deel gevorm van ons span en ons vra dat die Here haar beloon vir haar onbaatsugtige diens."

In haar vaarwel boodskap het Susan gesê: "Baie dankie vir die afgelope 30 jaar se liefde wat ek ontvang het by Sering. 'n Stuk van my hart sal altyd hier agter bly."

Die is die einde van 'n era en ons wens Rina Coetzee wat nou die lysels moet oorneem alle sterkte toe.


Van links: bestuurder van Sering Residentia Retha Jacobs, Rina Coetzee en Susan Klopper.


Susan Klopper en voorsitter van die plaaslike bestuursraad Willem du Plessis.


Die erewag vir Susan Klopper.




